

23 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 26:1-12;

Titus 2:15 (OAV)

Fokusgedeelte: Psalm 26:1,11;

Tit 2:14,15

Loop vertrouend op die Here se pad!

Dit gebeur dikwels dat ons valslik beskuldig word van allerlei oortredings wat ons sou begaan het. Blykbaar was Dawid ook in so 'n situasie. Daarom vra hy dat die Here reg aan hom sal laat geskied. Hy wys vervolgens die Here daarop dat hy op die Here se pad loop deur op die Here te vertrou, sonder om te aarsel of te twyfel. Die Here se goedheid, liefde en verbondstrou (= goedertierenheid en waarheid) is die einddoel of mikpunt waarop hy hom rig (vers 3).

Verse 6-8 beskryf prakties wat sy keuse in die lewe is: hy is nie tuis by valse, oneerlike, agterbakse misdadige mense wat sonder God lewe nie. Nee, hy sal sy plek inneem tussen diegene wat God se altaar omring en wat God se lof en wonders besing (verse 6,7). Hy het die plek lief waar die Here woon (vers 8). Daarom, voel Dawid, kan hy nie gereken word saam met diegene wat hulle nie bekommer oor die Woord van die Here nie, die sondaars en goddeloses nie, want hy is 'n kind van die Here. As die Here hom verlos en genadig is, sal hy weer op 'n gelyk pad kan loop en die Here in die openbaar kan verheerlik (verse 11b,12).

Ons Here Jesus Christus is valslik beskuldig, onskuldig die doodstraf opgelê en saam met misdadigers gereken. Hy pleit ook by God om reg te laat geskied: "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie" (Luk 23:34). Hy sterf in sondaars se plek en verlos ons so van al ons ongeregtigheid en bewys so God se reddende genade (Tit 2:11-15), sodat ons op gelyk grond kan staan en die Here kan loof (Ps 26:12).

Dawid, en ook ons vandag, moet so 'n openbare lewenswandel voor God en die mense hê dat "niemand jou kan verag nie" (Tit 2:15). Ons moet altyd die Here se pad in opregtheid loop en op die Here vertrou. Sy reg sal geskied – deur sy genade en trou heen!

Sing: Psalm 26:1,7

Ds AH Stavast (Mosselbaai)